PROJEKPLAN

JEUGEBEDIENING: PORT ELIZABETH-NOORD

Projeknommer (slegs vir kantoorgebruik):

2.4

1. NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE VAN PROJEKVOORSTELLER EN PROJEKLEIER:

	PROJEKVOORSTELLER	PROJEKLEIER
NAAM	Ring van Algoa	Ds Jasper van der Westhuizen
POSADRES	Piet Retieflaan 18, Sidwell, 6061	Piet Retieflaan 18, Sidwell, 6061
E-POS	dsjazz@webafrica.org.za	dsjazz@webafrica.org.za
FAKSNOMMER	(041) 4534939	(041) 4534939
TEL. WERK	(041) 4534939	(041) 4534939
TEL. HUIS	(041) 4534939	(041) 4534939
SEL.	0737945879	0737945879

	09/09/08
(Handtekening van projekvoorsteller)	(Datum)

2. BESKRYF DIE DOEL/BEDIENING VAN DIE PROJEK:

Die doel van hierdie projek is om die NG Gemeente Port Elizabeth-Noord te ondersteun in hulle geestelike werk onder laer-en hoërskool kinders wat in die Ferguson-, Sidwell- en Marais woonbuurte woonagtig is. Hierdie bediening het gedurende die afgelope vier jaar op wonderlike wyse ontwikkel en bereik vandag deurlopend baie meer kinders en jongmense.

Die uitreik na en die bediening van die jeug in ons gemeente se grense het in 2004 begin toe daar deur middel van filmvertonings, verhoudinge met die kinders en jeug gebou is. Alhoewel dit nie die beste begin was nie (Ons moes van 'n wêreldse medium gebruikmaak.), het dit vir ons groter toegang tot die kinders van die omgewing gegee. Gedring deur ons visie om 'n verskil in die kinders se lewens te maak, het ons in 2004 uitgereik na behoeftige kinders om ons en vir hulle op lentedag 'n piekniek te hou. Gou het ons besef dat daar 'n groter geestelike nood onder die kinders bestaan as wat aanvanklik besef is. Om hierdie behoeftes aan te spreek, is daar toe in die volgende drie jaar elke jaar 'n evangeliseringsweek tydens die eerste kwartaal se skoolvakansie gehou. Die lente piekniek was vir ons 'n tweede geleentheid om met die kinders te werk. Tog het ons besef dat ons slegs vyf dae in 'n jaar benut om die jeug se geestelike nood aan te spreek.

Gedurende 2007 het ons toe met Jeugdienste begin. Dit het daaruit bestaan dat ons eenmaal per maand 'n derde erediens gehou het wat uitsluitlik op die kinders gemik was. Waar ons aanvanklik net op die laerskool kind gefokus het, het ons gou besef dat die

vrug op ons arbeid van die vorige jare, wat intussen aangeskuif het na die hoërskool toe, steeds daar is en ook bedien moet word.
In 2008 het die jeugbediening 'n opwindende fase betree toe daar met weeklikse geleenthede vir hoër- en laerskool kinders begin is. 'n Span van elf volwasse leiers bedien nagenoeg dertig laerskool kinders en twee en twintig hoërskool jongmense. Met die oorkoepelende tema van *Beleef God*, strewe die leiers elke Vrydag om die kinders en jongmense op geestelike vlak te stimuleer en te laat groei.
Deur al die jare heen was daar ook 'n voedingskema aan die bediening gekoppel. Die swak ekonomiese omstandighede van die omgewing bring mee dat baie van veral die laerskool kinders dikwels broodgebrek het. Gevolglik probeer die bediening om op die mees koste effektiewe wyse iets te ete aan die kinders en jongmense te gee by elke byeenkoms.

3. BESKRYF DIE PERSONE, GEMEENTE, RING, INSTANSIE(S) WAT BY DIE PROJEK SAL BAAT EN HOE:

Dit is hoofsaaklik die kinders en jongmense wat in Sidwell, Ferguson en Marais woonbuurte woonagtig is, wat by hierdie projek sal baat. Die bediening wil graag 'n verskil in die groep se geestelike lewens maak. Broodgebrek van baie van die kinders maak dit egter ook noodsaaklik dat ons ook hulle liggaamlike behoeftes aanspreek.

4. BESKRYF DIE STAPPE/FASES VAN DIE PROJEK EN DIE TYDSVERLOOP VAN ELK EN DERHALWE DIE BEGIN EN EINDE DAARVAN:

STAPPE/FASES	TYDSVERLOOP
Weeklikse byeenkomste op Vrydagaande.	Jan – Nov 2009
Kamp	Jun 2009
Lente piekniek.	29 Aug 2009
Ander uitstappies.	Feb – Nov 2009

5. BESKRYF DIE HULPBRONNE WAT VIR DIE PROJEK BENODIG WORD:

6.1 PROJEKSPAN:

NAME VAN LEDE	VAN WAAR
Jeugbedieningleiers	Port Elizabeth-Noord
Uitreikspanne	Port Elizabeth-Noord

6.2 ADMINISTRATIEWE INFRASTRUKTUUR (BYVOORBEELD: HULP MET TIKWERK, INTERNET, AFROL WERK, VERSENDING, EN SO MEER):

BESKRYWING	WANNEER BENODIG
Alle administratiewe werk sal deur die NG Gemeente Port Elizabeth-Noord behartig word.	

6.3 BEGROTING EN DIE VERWAGTE SKEDULERING VAN UITBETALINGS

6.3.1 UITEENSETTING:

BEGROTINGSITEMS	BEGROOT	GEVRA
Skryfbehoeftes	5400	4320
Drukwerk	1800	1440
Kos en verversings	11400	9120
Vervoer	6000	4800
Kamp	7200	5760
TOTAAL	31800	25440

6.3.2 SKEDULE:

DATUM	BEDRAG
April 2009	12720
Julie 2009	12720
TOTAAL	25440

6.3.3 HOE EN AAN WIE MOET UITBETALINGS GEMAAK WORD?

Ring van Algoa